

AFRIKAANS / AFRIKAANS / AFRICAANS A1

Standard Level / Niveau Moyen (Option Moyenne) / Nivel Medio

Thursday 18 November 1999 (morning) / Jeudi 18 novembre 1999 (matin)
Jueves 18 de noviembre de 1999 (mañana)

Paper / Épreuve / Prueba 1

3h

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

Do NOT open this examination paper until instructed to do so.

This paper consists of two sections, Section A and Section B.

Answer BOTH Section A AND Section B.

- Section A:** Write a commentary on ONE passage. Include in your commentary answers to ALL the questions set.
- Section B:** Answer ONE essay question. Refer mainly to works studied in Part 3 (Groups of Works); references to other works are permissible but must not form the main body of your answer.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

NE PAS OUVRIR cette épreuve avant d'y être autorisé.

Cette épreuve comporte deux sections, la Section A et la Section B.

Répondre ET à la Section A ET à la Section B.

- Section A:** Écrire un commentaire sur UN passage. Votre commentaire doit traiter TOUTES les questions posées.
- Section B:** Traiter UN sujet de composition. Se référer principalement aux œuvres étudiées dans la troisième partie (Groupes d'œuvres); les références à d'autres œuvres sont permises mais ne doivent pas constituer l'essentiel de la réponse.

INSTRUCCIONES PARA LOS CANDIDATOS

NO ABRA esta prueba hasta que se lo autoricen.

En esta prueba hay dos secciones: la Sección A y la Sección B.

Conteste las dos secciones, A y B.

- Sección A:** Escriba un comentario sobre UNO de los fragmentos. Debe incluir en su comentario respuestas a TODAS las preguntas de orientación.
- Sección B:** Elija UN tema de redacción. Su respuesta debe centrarse principalmente en las obras estudiadas para la Parte 3 (Grupos de obras); se permiten referencias a otras obras siempre que no formen la parte principal de la respuesta.

SEKSIE A

Skryf kommentaar op een van die volgende tekste:

1(a) *Die groot vakuum*

Vir 'n dokumentasie van die vakuum waarin talle huisgesinne leef, hoef mens nie verder te gaan as *An American family*, 'n twaalf episode dokumentêre program oor die lotgevalle van die Louds, 'n Californiese gesin. Die gesin, ma, pa en vyf kinders verval sienderoë, en die rede word gou duidelik: die huisgesin het geen lewende fanatasieë nie.

5 Die verskil tussen die Californiese gesin en groot literêre verhale oor die verval van gesinne, lê daarin dat die Amerikaanse gesin aan absoluut nijs toegewy is nie. Nie aan hul klas, geen kulturele bekommernisse, diepgaande gesprekke in die verbeelding, geen wilde verlangens, geen spel met ironie en geen begrip vir die tragiese in die lewe nie. Anne Roiphe in haar opsomming van die troosteloze staat van die Loud gesin sê:

10 *As daar ooit soiets soos 'n negatiewe kultuur of 'n kultuur minus is, dan is dit die Louds. Die blêrende geraas van rock is die hoogtepunt van hul kulturele lewe. Daar is geen godsdiens, geen dreigende Jehovah, geen genadige Maria nie, geen sprake van 'n anderkant in die sin waarin die Talmud oor die hiernamaals praat nie, geen kategisme, geen mites van Hera en Jupiter, geen sin van reg en verkeerd, geen sin van finale regsspraak in die gesin nie.*

15 Die man en vrou sit in hul sitkamer klaarblyklik nie bang vir enigiets nie – geen demone gee hul nagmerries nie. Wanneer 'n veldbrand die huis bedreig, is hulle nie bekommer nie – hulle is verseker. Dit is 'n kultuur van verbruikers van rock musiek, alkohol, motors, skool, werk en sonbrand by die swembad – 'n verlammende, leë kultuur.

20 'n Kultuur van hiperaktiewe passiwiteit.

Jean Arnould (1998)

- Kyk na die laaste sin. Lewer kommentaar op die paradoks in die beskrywing van die gesinkultuur as een van 'hiperaktiewe passiwiteit'.
- 'n Ander ironiese aspek is die armoede-in-oorvloed verskynsel wat die gesin se kulturele lewe kenmerk. Kan jy hierop kommentaar lewer?
- Arnould haal Anne Roiphe aan. Wat wil Roiphe met haar kommentaar te kenne gee?
- Hoe sou jy die toon van die stuk beskryf?

1(b)

tv-nuuskyker

afrika is honger, afrika is droog.
kinders met geswolle naeltjies sit grootoog
gehurk op die poeierge grond
en kyk vir die kameras, om die vogtige mond
5 sit vlieë, in die neusgate en op die slap
oogledes. met 'n benerige doodshand
voer hulle droë pap
af na 'n geswolle boepens.
by sterkfontein het homo sapiens sapiens
10 van die protomens africanus robustus 'n tand
gevind. voer jou brak
beeno en jou kat cats delight, tien rand
by dię supermark per pak.
R500 000 word deur Natuurbewaring begroot
15 om seekoeie in die wildtuin van watersnood
te red. in joego-slawië vermoor die soldate
van die serwiërs die kroate.
piropark is 'n ashoop wat brand
van smeulende taxi's.
20 onblusbaar is die vuur van etniese faksies
wat mekaar aanrand.
bel 087 vir rugbykaartjies teen R500.
terwyl verpleegsters staak, sterf
siekes. wil u weet of u naweek bederf
25 gaan word deur die weer? bly ingeskakel
tot ná die handelsnuus. wat 'n spektakel.
die nuusredakteur het geen benul
van struktuur nie. dit hang saam soos mul.

T. T. Cloete: *Met die aarde praat* (1992)

- Die digter juksaponeer sekere nuusberigte vir ironiese effek. Kan jy voorbeelde gee?
- Die toon van die gedig sou as sarkasties en kritis bestempel kan word. Stem jy saam?
- Die laaste sin lees: '...dit hang saam soos mul'. (Mul: los, poeierge sand) Lewer kommentaar op die digter se siening van nuusbulletins.
- Hoe dink jy voel die kyker oor nuusbulletins?

SEKSIE B

Skryf 'n opstel oor een van die volgende. Jy moet jou antwoord baseer op ten minste twee van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Verwysings na ander werke is toelaatbaar, maar behoort nie die hoofdeel van jou antwoord uit te maak nie.

2. Teater sedert 1950

- (a) Die drama werk by uitstek met konflik tussen twee figure of met die botsing tussen twee wêrelde. In welke mate is dit waar van die werke wat jy bestudeer het?

OF

- (b) 'n Goeie drama werk op na 'n draaipunt waarna die drama 'n wending neem. Kyk terug op die dramas wat jy bestudeer het en lewer kommentaar op die effektiwiteit van die klimaktiese momente..

3. Verhalende tegniek

- (a) 'n Goeie verhaal kom tot stand omdat daar iets te vertel is. Wat in die struktuur van verhale wat jy gelees het, maak dit meevoerend?

OF

- (b) 'n Verhaalskrywer werk in die rigting van 'n bevredigende slot. Dit beteken dat die verhaalgegewe in 'n oplossing uitmondt wat die leser as 'n ontknopping van die intrige ervaar. Bespreek die stelling aan die hand van gelese verhale.

4. Die roman en sosiale kritiek

- (a) Kritiek op die samelewing word dikwels verwoord deur karakters in die roman. Identifiseer onder die karakters in twee van die werke wat jy gelees het, diegene wat die skrywer se kritiek op die samelewing verwoord.

OF

- (b) Romans speel uiteraard teen 'n bepaalde sosiale agtergrond af. Ontleed die verskillende agtergronde van die werke wat jy gelees het.